

1 September

Skrifgedeelte: Markus 12:28-34

Fokusgedeelte: Markus 12:34

## Die groot Gebod

So naby en tog so ver – ons ken die uitdrukking. Hier word dit gebruik ten opsigte van die skrifgeleerde wat die vraag gestel het oor die groot gebod. Jesus het eintlik meer as net sy vraag beantwoord – Hy het die skrifgeleerde geantwoord. In die koninkryk van God gaan dit om liefde, liefde wat die hart, die verstand, die siel en al jou krag vra. Hierdie liefde mond uit in jou verhouding met God en jou naaste.

Het die skrifgeleerde dit reg verstaan? Jesus bring dit by hom tuis dat liefde die fondament is waarop alle verhoudinge gebou moet word. Dit is wat saak maak. Dit is belangriker as al die brandoffers en slagoffers (vs 33). Dat hy 'n kenner van die Skrifte was, was duidelik. Dit het hom naby die koninkryk gebring.

Wanneer ons na 'n gedeelte kyk soos die gelykenis van die “barmhartige samaritaan”, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat liefde 'n daad na buite is. Die Samaritaan het by die slagoffer gaan buk en hom gehelp.

Die punt wat hier uitstaan is dat, soos die skrifgeleerde, ons almal deeglik bewus is van die inhoud van die groot gebod. Die vraag is of die daad van ons af uitgaan en buite ons sigbaar word. Ons kan ingetrek word in die gemeentelike lewe en aktiewe kerkgangers wees, terwyl die liefde uitbly soos by die priester en die Leviet.

Hierdie liefde kan net in ons leef as ons weet wie die Gewer daarvan is. Jesus Christus het sy liefde daad gemaak toe Hy mens geword het en uiteindelik aan die kruis gesterf het. Aan sy liefde kan niemand twyfel nie. Hy is die Gewer!

In navolging van ons Here is ons opdrag om die liefde sigbaar te maak. Dit kan egter net wanneer ek in 'n lewende en warm verhouding met God staan. Dan beleef ek sy liefde.

Sing: Psalm 18:1 (Totius)

Ds MJ Smidt (Ficksburg)